

Verwelkoming • Opening address

W.L. Mouton

Rektor: Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Chairman: Board of the South African Broadcasting Corporation

Geagte meneer die voorsitter, lede van die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging, verteenwoordigers van die bedryf, en ander kongresgangers.

Dit is vir my 'n voorreg om u in my hoedanigheid as voorsitter van die SAUK-Raad en as rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat by hierdie vyfde kongres van die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging te verwelkom en by die opening daarvan 'n paar gedagtes met u te wissel. "To communicate is the beginning of understanding" en in die tyd waarin ons lewe, moet 'n mens miskien minder mure en meer brûe bou.

By die beplanning en organisasie van enige vakbyeenkoms of kongres, is die keuse van 'n tema sekerlik een van die belangrikste besluite wat geneem moet word. Dit is trouens so dat die tema die basis is waarop al die ander aspekte van so 'n kongres gebou word.

In gevalle waar waar vakverenigings op 'n jaarlikse basis byeenkom om oor hul vakgebied te besin, is die keuse van 'n tema nog moeiliker. Dit is juis dan wanneer 'n tema soms gekies word bloot omdat dit nie reeds op die aantal voorafgaande jaarkongresse bespreek is nie.

Die uiteindelike doelstelling van 'n kongres bly egter steeds om sekere interessante en aktuele probleemareas in die vakgebied te verken en op te helder.

In dié konteks lyk dit of die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging, met die keuse van *Interkulturele Kommunikasie* as tema vir vanjaar se kongres, nie net 'n interessante onderwerp nie, maar ook 'n dringende probleemgebied aangepak het.

Die toepaslikheid en dringendheid van u kongrestema word duidelik bevestig deur 'n opname van navorsingsprobleme en -prioriteite vir die tagtigerjare, wat aan die einde van 1980 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen is. In dié betrokke opname het die RGN op 'n sistematiese en wetenskaplike wyse die tien belangrikste probleemgebiede vir geesteswetenskaplike navorsing in Suid-Afrika geïdentifiseer. Die tien probleemgebiede is verder ook in rangorde van belangrikheid geplaas.

Dit is nie verbasend dat *volkereverhoudinge* as die belangrikste probleemgebied vir die tagtigerjare geïdentifiseer is nie. Die RGN stel dit trouens dat, in die Republiek van Suid-Afrika, met sy verskeidenheid van volksgroepe, die skep van wedersydse begrip vir waardes, behoeftes en begeertes ter bevordering van volkereverhoudinge, die dringende aandag van navorsers behoort te kry.

Hoewel die aanwysing van volkereverhoudinge as belangrikste probleemgebied vir die volgende dekades op sigself betekenisvol is, is dit veelseggend dat *internasionale betrekkinge* slegs as die negende belangrikste van die tien probleemgebiede aangedui word. 'n Duideliker aanduiding van die noodsaklikheid om probleme op eie werf, eerder as buite ons grense op te los, is kwalik denkbaar.

Ek het vroeër gemeld dat daar 'n behoefte is om by die verskillende bevolkingsgroepe in Suider-Afrika 'n wedersydse begrip vir mekaar se waardes, behoeftes en begeertes te skep. As lede van u vakvereniging is u sekerlik daarvan bewus dat die konsep *wedersydse begrip* nie slegs 'n voorwaarde nie, maar die uiteindelike doelstelling van alle kommunikasievorms is. Wanneer daar dus gevra word om *wedersydse begrip* tussen volkere en groepe, het ons in werklikheid maar te doen met die tema van u kongres, naamlik *Interkulturele Kommunikasie*.

Die verskynsel van kommunikasie tussen kulture of dan meer spesifiek tussen mense van verskillende kulture, het verskeie belangrike implikasies.

Eerstens kan gevra word wat presies bedoel word met die begrip *kommunikasie*. Ek het reeds verwys na die belangrikheid van *wedersydse begrip* as doelstelling van kommunikasie. Dit is trouens so dat die meeste definisies van kommunikasie gebou is rondom die idee van gedeelde of vergemeenskaplike betekenis. Nogtans dui dié definisies kommunikasie aan as 'n poging tot vergemeenskaplikeing van betekenis. Die implikasie is duidelik: *Kommunikasie vind nie altyd suksesvol plaas nie*. In werklikheid is baie min gevalle van kommunikasie absoluut geslaag.

In die geval van interkulturele kommunikasie moet daar egter spesifiek in gedagte gehou word dat die partye waarskynlik nie 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk het of 'n gemeenskaplike simboolsisteem gebruik nie. Dit verg dus buitengewone sorg om te verseker dat kommunikasie in sulke situasies doeltreffend plaasvind. Ek begryp dat doelgerigte aanpassings met die oog op die verskeidenheid van ons kulture reeds deur sommige massamedia, sowel as die reklamebedryf gedoen is. Ek kan sê dat ons by die SAUK ook deeglik bewus is van die vereistes wat die Suider-Afrikaanse gemeenskap aan die elektroniese media stel. Daarom word al die verskillende kultuurgroepes verteenwoordig in die Adviesraad vir Dienste in Bantoetale sowel as in die Televisieprogram-adviesraad. Op dié wyse probeer die SAUK ook om te voldoen aan die waardes, behoeftes en begeertes van al die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Dit is verblydend om te sien dat 'n verskeidenheid van sprekers, sowel as kongresgangers, die verskillende bedryfsektore op die kongres verteenwoordig. Op dié wyse word 'n gemeenskaplike ontmoetingsterrein vir navorsers uit die akademie en praktisys en beleidmakers uit die bedryf geskep.

I have just stated that a congress such as this provides a common meeting ground for academicians and practitioners. It can validly be asked what the objectives and obligations of these two groups should be towards solving problems of intercultural communication.

As far as the academicians are concerned, it is undoubtedly so that any university worth its name should encourage research as an essential component of its proper functioning. On a purely intellectual level, it can be said that a university has to carry out three knowledge-related functions in a continuous and close interaction.

The first of these three functions is that of teaching, or the transfer of knowledge. This is also the function most obviously and naturally associated with any educational institution.

The second function, which has received increasing emphasis over the past two decades, is that of research, or the discovery of new knowledge.

The third function of a university, although it is a natural and obvious extension of the second, is seldom explicitly expressed. This function requires that knowledge attained through research, should also be applied in one way or another. It has, in fact, become clear that there is especially an increasing need for the application of knowledge to socially useful purposes.

These, then, are the most important contribution of academicians towards the solving of social problems: The transfer of our current knowledge about such problems, the discovery of new knowledge about the problems, and making the knowledge available for practical application in a social context.

But what should the objectives and obligations of practitioners be in relation to those of academicians? Although the responsibility of research towards new and better knowledge is mainly that of the academicians, such knowledge must in the final instance be applied by the practitioners.

From this viewpoint, it seems that two implications are important for practitioners : Firstly there should be an increased use of research in decision-making. Secondly it seems necessary to understand organisational and political decision-making more aptly, and to devise means by which research can better contribute to the wisdom of decisions.

I believe that research can contribute to the understanding that practitioners bring to their work, and therefore indirectly to the caliber of actions that they take and the courses they pursue.

By this I do not wish to underestimate the importance and value of their experience and firsthand knowledge. Direct participation has taught them a great deal about their field, the organisations in which they work, and the people they serve.

Experience and practical knowledge are essential components of their expertise, and should not unprovisionally be disregarded when some research studies suggest contrary actions. Nor do I believe that research can always provide long-term goals. Objectives and goals are mostly beyond the boundaries of scientific research.

But research can contribute to clarifying goals, to elucidating the competition and occasional conflict among multiple goals, to predicting the unanticipated and sometimes undesirable consequences of pursuing certain goals, and to identifying and analysing the alternatives that have to be faced. The desirability of policy decisions are debated at least partly on empirical grounds, and scientific research can improve the knowledge base upon which the debate rests.

Die verskillende doelstellings en verpligte van akademici en lede van die verskillende bedryfsektore ten opsigte van die oplossing van sosiale probleme, geld eweneens in die geval van interkulturele kommunikasie. Navorsing met die oog op toepassing in die prosesse van besluitneming en beleidsformulering is dringend noodsaaklik. Dit moet navorsers nie vergeet nie. Net so moet die verskillende buite-universitaire sektore wat hier verteenwoordig is, of dit nou op die gebied van arbeidsbetrekkinge, die media, onderwys, politiek of godsdienst is, besef dat beleidsbesluite nie meer net op 'n intuitiewe of pragmatiese grondslag geneem kan word nie. Navorsing kan en moet geraadpleeg word in die besluitnemingsproses.

Dit is dan een van die uitdagings en die verantwoordelikhede van u kongres oor interkulturele kommunikasie. Daarom wens ek u en u vereniging alle sukses daarmee toe.

I am pleased to make the University's facilities available to you. It is my sincere wish that this congress will be an enriching experience to all, that your reflection on the matter will bring insight, and that decision-making will be purposeful.

Hiermee verklaar ek hierdie vyfde jaarkongres amptelik geopen.

Verwysings ● References

Human Sciences Research Council (1980) *Research problems and priorities for the eighties*

Pretoria: HSRC Newsletter 123.

Viljoen, G van N. (1972) Research policy at University.
South African Journal of Science, Sept./Oct. 1972.

Wurtzel, A.H. (1980) Academic research: A view from the industry. *Journal of Broadcasting, 24(4), 479-486.*